PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 1
HOFPROSEDURES

17 MAART 2021

09:00-12:15 Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 uur volg daarna.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.

2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.

3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.

4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.

5. Kandidate hoef nie ‘n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir ‘n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA

VRAAG 1 **[10]**

Terwyl mnr. Dlamini sy motorvoertuig bestuur het op Nandi Rylaan, het 'n vragmotor met registrasie nommer bekend 'n rooi verkeerslig verontagsaam en met mnr. Dlamini se motorvoertuig gebots. As gevolg van die botsing het mnr. Dlamini noodlottig beserings opgedoen en op die toneel van die botsing gesterf. Mnr. Dlamini was 'n sakeman wat vir homself gewerk het.

Mev. Dlamini gee instruksies aan u om 'n eis vir verlies van onderhoud in te stel teen die Padongelukkefonds vir haarself en haar 3 (drie) minderjarige kinders.

1.1 Lys vyf (5) vrae wat u mev. Dlamini sal vra om die meriete vas te stel in terme van die aanspreeklikheid in bogenoemde saak. (5)

1.2 Lys vyf (5) vrae wat u mev. Dlamini sal vra om die kwantum van die skade vas te stel. (5)

VRAAG 2 **[6]**

2.1 Wat is die doel van die Padongelukkefonds? (2)

2.2 Wie word deur die Padongelukkefonds geïndemnifiseer / skadeloos gestel? (1)

2.3 Wie mag 'n eis teen die Padongelukkefonds instel? (1)

2.4 Mag persone wat nie Suid Afrikaanse burgerskap het nie (buitelanders), eise in stel vir liggaamlike besering en sterftes as gevolg van motorvoertuigbotsings op Suid Afrikaanse paaie? (1)

2.5 Waar kry die Padongelukkefonds sy fondse/geld vandaan? (1)

VRAAG 3 **[6]**

3.1 Verduidelik die verskil tussen Algemene Skade en Spesiale Skade. (3)

3.2 Gee ses (6) voorbeelde van Spesiale Skade. (3)

VRAAG 4 **[3]**

Watter opsies is beskikbaar vir die Padongelukkefonds sodra hulle die POF Vorm 4 ontvang het?

VRAAG 5 **[13]**

U konsulteer met mnr. Sipho Madlingozi, 'n direkteur van Madlingozi Enterprises (Edms) Bpk. Hy oorhandig aan u 'n skriftelike koopkontrak in terme waarvan die maatskappy Erf 148 Pretoria Tuine, Registrasie Afdeling JR Gauteng, geleë te Wesstraat 12 Pretoria Tuine gekoop het van die White Familie Trust, behoorlik verteenwoordig deur die trustees John White en Mary White.

In terme van die ooreenkoms, wat gesluit is op 15 Augustus 2020 moes die maatskappy bankwaarborge vir die volle koopsom van 1 miljoen vierhonderd duisend Rand (R1 400 000.00) verskaf, betaalbaar op datum van oordrag van die eiendom. U stel by die oordragsprokureur vas dat die waarborg betyds ontvang is en dat die koper aan alle verdere vereistes voldoen het.

Die verkoper, ten spyte van 'n wettige aanmaning weier om die oordragsdokumente te teken met die verskoning dat hulle eers na aangaan van die koopkontrak besef het dat hulle 'n hoër prys vir die eiendom sou kon kry.

U kliënt se instruksies is dat u 'n dagvaarding moet uitreik waarin u daadwerklike vervulling eis naamlik oordrag van die eiendom.

Met gebruikmaking van sodanige addisionele feite soos wat u nodig ag, stel die Besonderhede van Vordering (Eis) op wat u by die gekombineerde dagvaarding wat u beplan om uit die Gauteng Afdeling uit te reik, sal aanheg.

VRAAG 6 [6]

Beskryf kortliks enige ses (6) "dade van insolvensie."

VRAAG 7 [6]

U kliënt is 'n beskermde fluitjieblaser (whistle blower) en deel u mee dat die maatskappy vir wie sy werk waardevolle bewysmateriaal/dokumente in besit het welke materiaal van groot belang is in die Hoë hof wat u namens haar hanteer. U wil vermy dat die maatskappy of enige verwante party kennis kry dat u kliënt bewus is van die bestaan van die dokumente/bewysmateriaal. U het ook goeie rede om te glo, dat sou dit aan die lig kom dat u kliënt weet van die dokumente/bewysmateriaal die maatskappy heelwaarskynlik die inligting sal vernietig.

7.1 Watter tipe aansoek sal u bring om die bewaring van die bewysmateriaal / dokumente te verseker en watter tipe bevel sal u van die hof verlang? (2)

7.2 Nadat u die gevraagde bevel bekom het hoe sal dit uitgevoer/afgedwing word? (4)

VRAAG 8 [20]

U kliënt Bandi Fundien is 'n raadslid vir die Munisipaliteit van Nozuko. Hy woon 'n raadsvergadering by waar die gemoedere hoog loop, en uiteindelik uitloop op 'n fisiese bakleiery tussen die lede van die verskillende politieke partye. In die hitte van die oomblik gryp hy 'n beker met water in, en slaan een van sy mede-raadslede oor die kop. As gevolg van die hou oor die kop, doen die raadslid ernstige beserings op, en word gehospitaliseer vir twee weke. As gevolg van die hospitalisasie, verloor die beseerde raadslid lone as gevolg van die feit dat hy afwesig is van die werk, en ontvang hy 'n mediese rekening vir sy behandeling van die hospitaal af.

Fundien word aangekla van 'Aanranding om ernstige liggaamlike skade te doen'. Die Staat is van plan om getuienis aan te bied in die vorm van verskeie mediese verslae wat deur u kliënt ingedien word.

8.1 Fundien pleit onskuldig aan bogenoemde aanklag. Stel vir u kliënt 'n omvattende Artikel 115 pleit op wat alle moontlike verwere bevat. Sluit die Artikel 115 Hoof (Opskrif) in. (7)

8.2 Fundien besluit om skuldig te pleit. Stel vir u kliënt 'n Artikel 112 pleit op. Sluit die Artikel 112 Hoof (Opskrif) uit. (6)

8.3 Die klaer is begeerlik om die skade te verhaal wat hy beloop het as gevolg van die aanranding.

8.3.1 Watter advies sal u, u kliënt gee in die proses van verhaling van sy skade, asook strekkende die advies in terme van watter tipe skadevergoeding hy geregtig op is? (3)

8.3.2 Hoe sal die Hof die skadevergoeding toekenning vas stel? (2)

8.3.3 Wat sal die effek wees van enige hofbevel deur die Hof uitgereik onder hierdie omstandighede, en watter remediërende regsmiddelle sal beskikbaar wees vir die klaer as die beskuldige nie bogenoemde hofbevel gehoorsaam nie? (2)

VRAAG 9 [5]

Verduidelik die verskille asook die gevolge, tussen en van, die terugtrekking van 'n aanklag en die staking van vervolging.

VRAAG 10 [4]

Die Verweerder se prokureur is besig om homself voor te berei om op te tree in die Magistraatshof in 'n motorbotsingsaak (eis).

10.1 Watter tipe getuienis sal die Eiser moet aanvoer/lei om die skade aan die motorvoertuig te bewys? (2)

10.2 Op watter punte sal die Eiser sy/haar getuienis moet lei om die skade aan die motorvoertuig vas te stel? (1)

10.3 Watter prosedurele stappe sal die Eiser eerste moet neem alvorens bogenoemde getuienis gelei/aangebied mag word? (1)

VRAAG 11 [5]

In 'n Magistraatshof aksie het die Eiser misluk om te reageer op 'n Kennisgewing wat hom versoek het om blootstelling mee te bring.

11.1 Watter remediërende regsmiddelle is beskikbaar vir die Verweerder se regsverteenwoordiger/prokureur? (3)

11.2 Die Eiser het behoorlik sy blootstellingsverklaring geliasseer in die Magistraatshof aksie. Die Verweerder glo dat die Eiser in besit is van 'n brief wat relevant is tot die saak. Watter opsies is beskikbaar vir die Verweerder? (2)

VRAAG 12 **[6]**

In 'n aksie in die Magistraatshof, het die Magistraat bevind dat die Eiser se skade op sy motorvoertuig R60 000.00 beloop, terwyl die skade aan die Verweerder se voertuig R50 000.00 beloop. Die Magistraat het verder bevind dat die Eiser 40% blaam dra vir die motorbotsing en die Verweerder 60% blaam dra. Die Verweerder het sonder benadeling van regte 'n aanbod van R18 000.00 gemaak met koste daarop in terme van Reël 18, om die Eiser se eis te skik. Die Eiser het die aanbod van die hand gewys.

12.1 Watter bedrag sal die Magistraat toeken en aan wie sal hy die toekenning maak? (4)

12.2 Die Magistraat was nie bewus van die bogenoemde aanbod toe die bevinding gemaak is nie. Wat staan die Verweerder te doen? (2)

VRAAG 13 **[5]**

U tree op vir mnr. Jones, wie 'n gelikwideerde eis het teen 'n Beslote Korporasie in 'verstek'. Aanvaar die nodige feite en oorsaak van die Aksie as gegewe. Stel 'n 'Kennisgewing van Mosie' op om aansoek te doen vir die likwidasie van die Beslote Korporasie.

VRAAG 14 **[5]**

Verduidelik in kort onder watter omstandighede 'n party die volgende pleite van stapel sal stuur.

14.1 Outomatiese Huurgelde Interdik Dagvaarding; (1)

14.2 Voorlopige Vonnis Dagvaarding; (1)

14.3 Tussenpleitgeding Dagvaarding in die geval van 'n party wat nie die Balju is nie; (1)

14.4 Eenvoudige Dagvaarding; (1)

14.5 Deklarasie. (1)

- DIE EINDE -

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA